# LAERSKOOL GARSFONTEIN

# GARSIEBEELD

2021

# MEISIES

| SOMERSDRAG |
|---|
| Grys rompie / broekrompie<br>Wit kortmouhemp<br>Groen moulose skooltruitjie (opsioneel) |
| Koeler dae: |
| Donkergroen drimacbaadjie met skoolwapen<br>Langmou skooltrui |
| Skoene en kouse: |
| Swart skoolskoene<br>**Kort** grys skoolkouse word een keer omgevou.<br>Aangewese:  kaalvoet |

| WINTERSDRAG |
|---|
| Grys langbroek of grys rompie / broekrompie<br>Wit langmouhemp<br>Donkergroen drimacbaadjie met skoolwapen<br>Langmou skooltrui of moulose skooltruitjie<br>Kombinasiebaadjie – drimac met fleece binne<br>Grys of donkergroen mus of handskoene (musse slegs voor skool)<br>**Donkergroen Garsie-serp** (verskaf deur die klerewinkel) |
| Skoene en kouse: |
| Swart skoolskoene<br>Swart gebreide ribkouse of skoolbroekiekouse<br>Grys “bobby socks” |

| GEWONE KLERE OF VERJAARSDAE |
|---|
| **Alle skoolreëls soos uiteengesit onder “Voorkoms” is van krag.**<br><br>Kort hare:  Netjies gesny en goed versorg, uit die gesig en oë.<br><br>Lang hare:  Indien die hare oor die kraag hang word dit netjies vasgebind.<br><br>**Grimering**:  GEEN grimering van enige aard word toegelaat nie.<br><br>Dieselfde reëls vir rompies en kortbroeke is van krag as wat vir die skooluniform is.<br>Alle dele van die liggaam wat met die skooldrag bedek word, moet ook met gewone klere bedek wees. |

## ALGEMENE KLEREREËLS vir MEISIES

**Tekkies**: Onder geen omstandighede toelaatbaar nie.
**Sweetpakke**: Is nie skooldrag nie. Ook nie die baadjies nie.
**Broekrompie**: Betaamlike lengte.
Soos dogters groei moet die lengte van die rompie asb. verstel word.
**Grys rompie**: Hoogstens 'n handbreedte bo die knie.
'n Swart "ski pant" mag onder die rompie gedra word.
**Kouse**: Mag nie opgerol word nie.
Somer: Geen "bobby socks" nie.
Winter: Geen "blackmail" sykouse nie.

## VOORKOMS vir MEISIES

**Grimering**: GEEN grimering van enige aard word toegelaat nie.
Dit geld ook op verjaarsdae.
**Juwele**: Slegs 'n seëlring, polshorlosie en EEN paar silwer of goue knoppies OF klein oorringetjies sonder versierings in die onderste oorlel toegelaat.
**Armbande**: Slegs Medic-Alert of Crisis-On-Call.
Bogenoemde geld ook op verjaarsdae.
**Naels**: Naels moet netjies, skoon, sonder naellak en kort geknip wees.
**Hare**: Verkieslik 'n eenvoudige, netjiese kapsel.
Kort hare: Netjies gesny en goed versorg, uit die gesig en oë.
Lang hare: Indien die hare oor die kraag hang word dit netjies vasgebind.
Algemeen: Alle slierte langs die gesig moet met knippies vasgesteek of met haarbande netjies gehou word.
Kuiwe wat ingroei moet met knippies beheer word.
GEEN haarkleursel word toegelaat nie.
**Haarbykomstighede**: Alleenlik bottelgroen, swart, geel of wit rekkies word gedra.
**Wit** en **bottelgroen** haarbande, "alice bands" en "scrunchies" mag gedra word met die doel om by te dra tot netheid en nie as versiering nie.
Haarbande moet solied wees, geen net of kant nie, en nie breër as 3cm nie. Geen haarbande of knippies met strikke en blomme word toegelaat nie.
Wit, bottelgroen en geel linte mag gedra word.
**Geen neon of helder geel strikke nie. Linte nie breër as 3cm nie.**

## SEUNS

| SOMERSDRAG |
|---|
| Grys kortbroek<br>Grys langbroek met skoolskoene<br>Wit kortmouhemp<br>Groen moulose skooltruitjie (opsioneel) |
| Koeler dae: |
| Donkergroen drimacbaadjie met skoolwapen<br>Langmou skooltrui |
| Skoene en kouse: |
| Swart skoolskoene met veters<br>Lang grys skoolkouse - kortbroek<br>Lang/kort grys skoolkouse - langbroek<br>Aangewese:  kaalvoet |

| WINTERSDRAG |
|---|
| Grys langbroek<br>Indien broek lussies het moet ‘n swart gordel gedra word.<br>Wit langmouhemp<br>Donkergroen drimacbaadjie met skoolwapen<br>Langmou skooltrui of moulose skooltruitjie<br>Kombinasiebaadjie – drimac met fleece binne<br>Grys of donkergroen mus of handskoene (musse slegs voor skool)<br>**Donkergroen Garsie-serp** (verskaf deur die klerewinkel) |
| Skoene en kouse: |
| Swart skoolskoene met veters<br>Lang/kort grys skoolkouse |

| GEWONE KLERE OF VERJAARSDAE |
|---|
| **Alle skoolreëls soos uiteengesit onder “Voorkoms” is van krag.**<br><br>Alle dele van die liggaam wat met die skooldrag bedek word, moet ook met gewone klere bedek wees. |

| **ALGEMENE KLEREREËLS vir SEUNS** |
|---|
| **Tekkies**: Onder geen omstandighede toelaatbaar nie.<br>**Sweetpakke**: Is nie skooldrag nie. Ook nie die baadjies nie. |

| **VOORKOMS vir SEUNS** |
|---|
| **Haarstyle**: Hare mag nie oor die kraag of ore hang nie.<br>Haarstyl moet eenvoudig, netjies, kortgeknip, in verhouding en goed versorg wees.<br>Geen lang kuiwe wat oor die voorkop en oë hang is toelaatbaar nie.<br>Geen buitensporige haarstyle of modes bv. 'n "comb over" sal geduld word nie.<br>GEEN haarkleursel word toegelaat nie.<br>**Naels**: Naels moet netjies, skoon en kort geknip wees.<br>**Kouse**: Word een keer omgevou.<br>GEEN kouse mag opgerol word tot teenaan die skoen nie.<br>**Juwele**: Polshorlosie<br>Armbande: Slegs Medic-Alert of Crisis-On-Call.<br>GEEN verdere juwele word toegelaat nie. |

## LIGGAAMLIKE OPVOEDING

| GRONDSLAGFASE (gr. 1 - 3) |
|---|
| Meisies mag "ski pants" of kortbroekies saambring skool toe en met aanvang van die periode dit onder hul rompies aantrek indien hulle nie broekrompies dra nie.<br>Na afloop van die periode moet dit egter weer uitgetrek word. |
| INTERSEN- OF SENIORFASE (gr. 4 - 7) |
| Soos bo. Leerders, meisies en seuns, dra tekkies vir die betrokke periode. |

## GRAAD 7-DRAG

| SLEGS VIR GRAAD 7 LEERDERS |
|---|
| • Seuns: Gr. 7-das. Grys skoolbroek. Skoolskoene.<br>• Dogters: Gr. 7-das. Grys skoolromp. Skoolskoene.<br>• Word gedra: Maandae en op Gr. 7-uitstappies. |

# FOTO-DAG EN PRYSUITDELINGS

| ALGEMENE VOORKOMS |
|---|
| Netjiese skooldrag soos vooraf uiteengesit.<br>**Verpligtend**: Moulose skooltrui met skoolskoene en -kouse |

| **SKOOLTASSE** |
|---|
| Verkieslik 'n stewige swart of groen skooltas.<br>Die tas weerspieël ook die skool te beeld.<br>"Cadii"-tassie word uitgefasseer.<br>2020 – geen Cadii-tasse in graad 1 - 6 nie. |

# KULTUUR

| JUNIOR KOOR |
|---|
| **Meisies**:<br>Koorrok<br>Lang wit skool-"tights"<br>Skoolskoene<br>Hare: Franse vlegsel<br><br>**Seuns**:<br>Kruisbande, pet<br>Grys skoollangbroek<br>Skoolkouse<br>Skoolskoene |

| SENIOR KOOR |
|---|
| **Meisies**:<br>Grys skoolromp (nie broekromp nie)<br>Wit skoolhemp met 'n knoop bo (dashemp)<br>Koordas<br>Swart skoolbroekiekouse<br>Swart skoolskoene<br>Koorbaadjie<br>Koorbytjie<br>Hare: Franse vlegsel met groen haartooisel<br><br>**Seuns**:<br>Koorbaadjie |

| |
|---|
| Wit skoolhemp met ‘n knoop bo (dashemp)<br>Koordas<br>Grys skoollangbroek<br>Skoolkouse<br>Skoolskoene<br>Koorbytjie |
| REDENAARS EN PUBLIC SPEAKING |
| Netjiese skooldrag soos vooraf uiteengesit.<br>**Verpligtend**: Formele skoolbaadjie, das & skoolskoene en kouse (Formele skoolbaadjies en dasse word uitgeteken vir deelname. Alle baadjies en dasse word skoon en netjies terugbesorg na afloop van deelname.) |
| KUNSWEDSTRYD |
| Netjiese skooldrag soos vooraf uiteengesit.<br>**Verpligtend**: Moulose skooltrui & skoolskoene en kouse |
| SENIOR REVUE |
| Die volgende kleredrag word gedra voor optredes:<br>Swart ski-pants<br>Swart tommy tekkies<br>Revue t-hemp,wat verskaf word |
| OSCAR-AANDE |
| Netjiese skooldrag soos vooraf uiteengesit.<br>**Verpligtend**: Moulose skooltrui & skoolskoene en kouse<br>**Gr. 7-leerders**:<br>Seuns: Gr. 7-das, moulose skooltrui en skoolskoene.<br>Dogters: Gr. 7-das, moulose skooltrui, grys “Bobby socks” en skoolskoene. |

## SPORT

| ATLETIEK |
|---|
| • Garsie atletiek-frokkie (seuns en dogters)<br>• **Donkergroen ‘poly short’ broek - VERPLIGTEND**<br>• Donkergroen ‘ski pants’, sonder enige insetsel, mag onder die atletiekbroekie gedra word.<br>• Kort wit Garsie-kouse<br>• Tekkies of spykerskoene |

**Uitstapdrag:**

- Skoolsweetpak
- Donkergroen langmou top, met Garsies op die bors, mag ook gedra word (mag egter nie hiermee deelneem nie).
- Tekkies (atlete mag nie plakkies saam met hul sweetpak dra nie).

RUGBY

- Skool rugbytrui (skool voorsien trui om eenvormigheid te verseker).
- Bulletjie-rugbyspelers se rugbytruie lyk ook soos die res van die skool s'n.
- Donkergroen rugbybroek.
- Donkergroen 'ski pants' (sonder enige insetsels mag onder broek gedra word).
- Swart "second skins" broeke met beskerming vir spiere mag egter net met spesiale toestemming gedra word.
- Slegs die skool se wit "second skin" hemde met "Garsies" op die mou mag onder speeltruie op koeler dae gedra word.
- Slegs die 1ste span mag in wit broeke speel.

**Uitstapdrag:**

- Skool sweetpak.
- Die skool se sporthemp word saam met die groen rugbybroek gedra.
- Tekkies (atlete mag nie plakkies saam met hul sweetpak dra nie).

NETBAL

- Groen  moulose sporthemp
- Groen broekrompie
- Kort wit Garsie-sokkies
- Tekkies
- 1ste span drag sal verskil van die ander spanne se klerasie.
- Slegs die skool se wit "second skin" hemde met "Garsies" op die mou mag onder speeltruie op kouer dae gedra word.
- Slegs wit, geel of groen linte.

## HOKKIE

**Dogters:**

- Groen moulose sporthemp
- Groen broekrompie
- Donkergroen ‘Ski pants’ (sonder enige insetsels mag onder romp gedra word).
- Groen Garsie-hokkiekouse
- Hokkie stewels of tekkies
- Eerstespan-drag verskil van die res van die skool en sal goedgekeur word op ‘n jaarlikse basis sodra voorgelê word.
- Slegs die skool se wit “second skin” hemde met “Garsies” op die mou mag onder speeltruie op kouer dae gedra word.
- Slegs wit, geel of groen linte.

**Seuns:**

- Groen Garsie-sporthemp
- Groen Garsie-sportbroek
- Donkergroen ‘Ski pants’ (sonder enige insetsels mag onder broek gedra word).
- Groen Garsie-hokkiekouse
- Hokkie stewels of tekkies
- Eerstespan-drag verskil van die res van die skool en sal goedgekeur word op ‘n jaarlikse basis sodra voorgelê word.
- Slegs die skool se wit “second skin” hemde met “Garsies” op die mou mag onder speeltruie op kouer dae gedra word.

## SWEM

- Groen Garsie-swembroek  (seuns en meisies)
- Goedgekeurde swempakke is ook toelaatbaar
- Groen ‘GARSIE’ swemkappie
- Groen handdoek (Gr 7-swemmers mag hul wit handdoeke gebruik).

**Uitstapdrag:**

- Garsie-sporthemp
- Groen kakiekortbroek
- Plakkies kan hiermee saam gedra word.
- Indien dit koud is, kan die Garsie-sweetpak ook gedra word.

## KRIEKET

- Wit Garsie-kriekethemp
- Wit krieketbroek
- Kort wit kouse
- Krieketskoene of tekkies
- Dag/aand speelklere verskil van res van die spanne as gevolg van die wit bal waarmee gespeel word. Klere sal jaarliks eers goedgekeur word sodra dit voorgelê word aan klerekomitee.
- Slegs die skool se wit “second skin” hemde met “Garsies” op die mou mag onder speeltruie op kouer dae gedra word.
- Spelers wat ‘n kortbroek van die veld af wil dra, moet ‘n groen sportbroek dra.

## LANDLOOP

- Garsie-atletiekfrokkie (seuns en dogters)
- Donkergroen ‘poly short’ broek
- Donkergroen ‘ski pants’, sonder enige insetsel, mag onder die atletiekbroek gedra word.
- Kort wit Garsie-kouse
- Tekkies

**Uitstapdrag:**

- Skool sweetpak
- Donkergroen langmou top, met Garsies op die bors, mag ook gedra word (mag egter nie hiermee deelneem nie).
- Tekkies (atlete mag nie plakkies saam met hul sweetpak dra nie).

## GHOLF

- Garsie-sporthemp (Eerstespan kry ‘n ander hemp)
- Khaki kleurige chino broek (kort of lank)
- Kort wit Garsie-kouse
- Gholfskoene of tekkies
- Slegs die skool se wit “second skin” hemde met “Garsies” op die mou mag onder hemde op kouer dae gedra word.

| TENNIS |
|---|
| • Garsie-sporthemp vir seuns met groen broek<br>• Garsie moulose hemp vir dogters met groen skool sportromp<br>• Donkergroen ‘ski pants’ is opsioneel (geen strepe of insetsels op “ski pants” nie).<br>• Kort wit Garsie-sokkies<br>• Tekkies<br>• Slegs die skool se wit “second skin” hemde met “Garsies” op die mou mag onder hemde op kouer dae gedra word. |

| JUKSKEI |
|---|
| • Garsie sporthemp<br>• Skool sweetpak kan gedra word vir koue weer.<br>• Groen kortbroek vir beide seuns en dogters.<br>• Groen hokkiekouse<br>• Tekkies<br>• 1ste spandrag sal verskil van die res van die spanne en sal jaarliks goedgekeur word deur die klerekomitee.<br>• Slegs die skool se wit “second skin” hemde met “Garsies” op die mou mag onder hemde op kouer dae gedra word. |

| SKAAK |
|---|
| • Skooldrag van die seisoen word gedra.<br>• Skoene en die moulose skooltrui is verpligtend. |

| PERDRY |
|---|
| • Garsie sporthemp word gedra.<br>• Die res van die drag is sportspesifiek en leerders sal daarvolgens aantrek. |
| PROVINSIALE KLEURE |
| WORD SLEGS GEDRA OP DIE LAASTE VRYDAG VAN ELKE MAAND.<br><br>• Die dra van provinsiaal verwerfde kleure na die skool is ‘n vergunning van die skool se kant af om leerders wat buitengewoon goed presteer het gedurende ‘n spesifieke jaar, die geleentheid te gee om hul kleure met trots te dra. |

Daardeur word die aankoop van provinsiale kleure die moeite werd gemaak deurdat dit nie slegs tydens ‘n spesifieke toernooi of geleentheid gedra word nie en kan leerders meer waarde daaruit put.

**<u>Die volgende reëlings en vereistes word egter van die skool se kant af ten opsigte van bogenoemde geëis</u>**:

1- Provinsiale kleure kan slegs op ‘n jaarlikse basis gedra word.

(tydperk is die begin van die 4de kwartaal van ‘n jaar tot die einde van die 3de kwartaal van die daaropvolgende jaar.

2- Daar sal aansoek gedoen word vir die dra van provinsiale kleure met ‘n skriftelike aansoekvorm soos deur die skool verskaf.

Presteerders se aansoekvorm sal ook vergesel moet word deur die bewys van die prestasie.

Die Klerekomitee het die reg om ‘n aansoek af te keur indien hulle van mening is dat dit nie geregverdig is nie.

3- Slegs goedgekeurde drag sal gedra mag word SAAM met tekkies. GEEN plakkies is toelaatbaar nie.

Sweetpakke / spandrag is toelaatbaar, dans- en swemkostuums sal byvoorbeeld nie toegelaat word nie.

## BORGSKAPPE

**<u>DIE VOLGENDE STAPPE WORD GEVOLG INDIEN BORGSKAPPE BETROKKE IS</u>:**

1. Enige afrigter, personeellid of ouer mag borgskappe vir sport / kultuur nader.
2. Elke borgskap word aan die Skakelbeampte voorgelê met finale goedkeuring deur die Beheerliggaam.
3. Borge of borgskappe se logo mag alleenlik op spesifieke, voorafbepaalde, areas van die kleredrag verskyn soos bepaal in die korporatiewe identiteit.
4. Daar mag nie afgewyk word van die skool se kleure tydens deelname in die skool se naam nie.

5. Borgskappe vir sakke of enige alternatiewe bykomstighede mag alleenlik in die skool se kleure geskied.
6. Alle klere word eers vir goedkeuring aan die Klerekomitee voorgelê.
7. Toerbaadjies word slegs gedra vir die spesifieke jaar.
8. Geen borge kan op ‘n eerstespan-baadjie aangebring word nie.

## SPORT - ALGEMEEN

**<u>Sportdrag /Sweetpakke</u>**:

Indien leerders **tydens skooltyd** vertrek na ‘n wedstryd of byeenkoms, mag die skool bygewoon word in ‘n **skoolsweetpak bo-oor** hul **sportdrag**.

**Eerstespan-rugbyseuns** daag by wedstryde in hul skooldrag tesame met hul eerstespan-baadjie op.  Hulle verklee voor opwarming.

Eerstespan-baadjies mag daagliks as deel van die skooldrag gedra word.  Leierdrag geniet egter voorrang.